NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2023

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur | 180 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye en 'n insetsel (HTML-merkerlys en toevoermaskerkarakterblad) van 2 bladsye (i–ii). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hernoem jou Datalêers-gids tot *jou* eksamennommer, voor jy begin.
   Bv.: 🗀 **Datalêers** word 🗀 **1234567890**.

3. Die eksamen bestaan uit 5 afdelings en 9 vrae. Al die vrae in al die afdelings moet beantwoord word ***behalwe* vir 'n opsievraag in Vraag 7**. Volg die instruksies vir hierdie vraag noukeurig.

4. Jy moet 'n teksredigeerder vir die HTML-afdeling gebruik. Aanvaarbare toepassings is Notepad, Notepad++ of WordPad. Microsoft Word mag **NIE** vir HTML-kodering gebruik word nie.

5. Gebruik funksies en/of formules om antwoorde te bereken, tensy ander instruksies gegee word.

6. Neem kennis van die puntetoekenning om te bepaal hoe kompleks die oplossing is wat verlang word en hoeveel tyd aan elke vraag bestee moet word.

7. Stoor jou werk gereeld.

8. Indien jy 'n formule/funksie nie korrek kan laat werk nie, maak die **Leerder_Skermgrepe**-dokument oop; dui die vraagnommer aan; plak 'n skermgreep wat die kwessie toon en gee 'n kort verduideliking om gedeeltelik punte te verdien; jy mag dit dan uit die sigblad- of databasisoplossing weglaat.

9. Skermgrepe moet toepaslik gesnoei word om slegs alle relevante inligting te vertoon.

10. Alle woordverwerkingsdokumente moet soos volg opgestel word, tensy ander instruksies gegee word:

    - Meeteenhede – sentimeter (cm)
    - Taal – Engels (Suid-Afrika)
    - Bladsygrootte – A4
    - Kantlyne – 2.54 cm

11. Jy mag die ongekoppelde (*offline*) hulpfunksie in elke toepassing gebruik indien dit beskikbaar is.

IEB Copyright © 2023

12. Figure in die vraestel het 'n rand. Wanneer 'n figuur as deel van 'n vraag verskaf word, hoef jy nie die rand by te voeg nie, tensy jy spesifiek gevra word om dit te doen.

13. Moenie enige lêers of gidse hernoem nie, tensy jy gevra word om dit te doen.

14. Moenie enige lêers of gidse skep nie, tensy jy gevra word om dit te doen.

15. Moenie enige lêers of gidse skrap, skuif of dupliseer nie, tensy jy gevra word om dit te doen.

16. Stoor jou werk gereeld om dataverlies te voorkom. Rugsteundatalêers sal deur jou onderwyser/toesighouer aan jou beskikbaar gestel word indien nodig.

Die inhoud van jou *Datalêers*-gids en die subgidse is soos volg:

Datalêers	**V1** * *Leeg*	**V1 Inskrywings**
V1 V2 V3 V4 V5 V6 V7 V8 V9 Leerder_Skermgrepe.docx	Allerlei* Deelnemers* Inskrywings Rugsteun* _V1_Antwoorde.docx 03Motorfiets.png 174Vierwiel.png 201Motor.png 500Vragmotor.png 2023_Dakar_Tydren.docx Dakar_Verwelkoming.pptx Die_Tydren.mp3 DT2023.txt Inskrywingslys.xlsx Kompetisie.accdb Kontakname.xlsx Motorfiets.jpg ram.webp Trajekte.rtf Trajekte.txt	Afdeling_A Afdeling_B **Afdeling_A** Inskrywings_Afdeling_A.xlsx **Afdeling_B** Inskrywings_Afdeling_B.xlsx
V2	**V3**	**V4**
2DakarTydren.docx Logo.jpg	3_1Ranglys.docx 3_2Beskerm.docx Bron.txt	4Voertuie.docx kolkarakter.png
V5	**V6**	**V7**
5DTydren.xlsx Muurpapier.jpg	6TydrenRekeninge.xlsx	7TydrenStats.xlsm
V8	**V9**	**V9 beelde**
Spannelnvoer.csv Tydren2024.accdb	beelde indeks.html inskryf.html	agbeeld.jpg Dakar_Tydren.jpg InskryfKnoppie.png

Kontroleer elke gids en maak seker dat elke lêer/dokument/gids toeganklik is.

IEB Copyright © 2023

Scenario

Die Dakar is 'n woestyntydren wat oor 'n paar duisend kilometer strek. Die gebeurtenis vind plaas oor 'n tydperk van tien tot vyftien dae in Saoedi-Arabië. Deelnemers kom van oral oor die wêreld met motorfietse, motors, vierwielmotorfietse en vragmotors om mee te ding.

AFDELING A LÊER- EN GIDSBESTUUR

VRAAG 1

Maak die gids genaamd **V1** oop en werk slegs in hierdie gids.

Verseker dat die aansig in die **File Explorer**-venster op die *Details*-uitlegaansig gestel is.

1.1 Beantwoord die volgende vrae deur jou antwoorde in die **_V1_Antwoorde**-dokument in te voeg.

1.1.1 Sorteer die inhoud van die **V1**-gids in dalende volgorde volgens *Name*. Neem 'n skermgreep slegs van die gesorteerde inhoud en voeg die skermgreep in die **_V1_Antwoorde**-dokument in. (2)

1.1.2 Bepaal die lêergrootte, in MB, van die MP3-lêer genaamd **Die_Tydren**. Voeg jou antwoord in die **_V1_Antwoorde**-dokument in. (1)

1.1.3 Bepaal die bisdiepte-eienskap van die beeld **500Vragmotor.png** en skryf die getal in die **_V1_Antwoorde**-dokument neer. (1)

1.1.4 Verskaf TWEE belangrike verskille en/of beperkings tussen *.txt*- en *.rtf* -lêertipes. Gebruik **Trajekte.rtf** en **Trajekte.txt** om te vergelyk. *Moenie* na lêergrootte verwys nie. (2)

1.1.5 Bepaal die datum waarop die lêer **Inskrywings_Afdeling_A.xlsx** gewysig is. Die lêer is in die **Inskrywings**-gids, **Afdeling_A**-subgids geleë. Skryf die presiese datum of verskaf 'n skermgreep in die **_V1_Antwoorde**-dokument. (1)

1.2 Voeg die *Slides*-kolom by die **File Explorer**-venster by. (1)

1.3 Neem 'n skermgreep wat toon dat die kolom *Slides* bygevoeg is. Die skermgreep moet slegs alle kolomopskrifte en die **V1**-gidsinhoud bevat. Voeg die skermgreep in die **_V1_Antwoorde**-dokument in. (2)

1.4 Bepaal sonder om die lêer oop te maak die verstektoepassing wat jou rekenaar sal gebruik om die **Die_Tydren.mp3**-lêer oop te maak. Voeg 'n skermgreep wat die antwoord toon in die **_V1_Antwoorde**-dokument in. (1)

1.5 Hernoem die gids **Allerlei** tot **Tydelik**. (1)

1.6 Skuif *alle* Microsoft Office-toepassingslêers na die **Tydelik**-gids (voorheen die Allerlei-gids). *Moenie* die **_V1_Antwoorde**-dokument kopieer of skuif nie. (2)

1.7 Kopieer alle beeldlêers na die **Rugsteun**-gids. (2)

1.8 Druk die **Kontakname.xlsx**-lêer saam. (1)

1.9 Skep 'n kortpad na enige toepassing wat op jou rekenaar bestaan. (1)

1.10 Voer 'n soektog uit op die **V1**-gids om alle bestaande Excel-lêers te kry. Neem 'n skermgreep en voeg dit in die **_V1_Antwoorde**-dokument in. Jou skermgreep moet toon dat 'n geldige soektog plaasgevind het en die adres en soekstaaf insluit met die soekterm/-frase wat in die soekstaaf verskyn. (2)

20 punte

IEB Copyright © 2023

AFDELING B WOORDVERWERKING

VRAAG 2

Maak die gids genaamd **V2** oop en werk slegs in hierdie gids.

Maak die dokument **2DakarTydren** oop en redigeer dit volgens die instruksies hieronder.

2.1 Verstel die bladsykantlyne tot 1 cm aan alle kante. (1)

Bladsy 1

2.2 Voeg die beeld **Logo.jpg** op bladsy 1 in. Die beeld is in die **V2**-gids geleë. (1)

2.3 Verstel die hoogte van **Logo.jpg** tot presies 8 cm. (1)

2.4 Posisioneer die beeld **Logo.jpg** vertikaal en horisontaal op die bladsy sodat dit in die "middel" van die hele bladsy vertoon. Sien Figuur 1. (1)

Figuur 1

2.5 Verander die font van alle paragrawe (onder die opskrifteks) na *Times New Roman*. (1)

2.6 Verstel die reëlspasiëring van alle paragrawe tot 1.75. Moenie enige veranderinge aan die 8 pt-paragraafspasiëring aanbring nie. (2)

2.7 Justeer die teksinlynstelling in alle paragrawe. (1)

2.8 Voeg 'n hanghoofletter vir die letter "T" in vir die eerste paragraaf onder die opskrif "The Dakar Rally". Sien Figuur 2 op die volgende bladsy as verwysing. (1)

The Dakar Rally

The Dakar Rally (or simply 'The Dakar'; formerly known as the 'Paris-Dakar Rally') is an annual rally raid organised by the Amaury Sport Organisation. Most events since the inception in 1978 were staged from Paris, France, to Dakar, Senegal, but due to security threats in Mauritania, which led to the cancellation of the 2008 rally, events from 2009 to 2019 were held in South America. Since 2020, the rally has been held in Saudi Arabia. The event is open to amateur and professional entries, amateurs typically making up about eighty percent of the participants.

Figuur 2

2.9 Spoor die beeld agter die teks op. Formateer en posisioneer dit sodat die paragraaf rondom die beeld omvou in plaas daarvan om bo-oor dit te verskyn. Sien Figuur 3 as voorbeeld. (2)

The rally is an off-road endurance event. The terrain that the competitors traverse is much tougher than that used in conventional rallying, and the vehicles used are typically true off-road vehicles and motorcycles, rather than modified on-road vehicles. Most of the competitive special sections are off-road, crossing dunes, mud, camel grass, rocks, and erg among others. The distances of each stage covered vary from short distances up to 800–900 kilometres per day.

Figuur 3

2.10 Voeg 'n beeldonderskrif onder die foto aan die einde van die dokument in. Die onderskrif moet lui **Figure 1 Thierry Sabine**. Sien Figuur 4 hieronder as voorbeeld. (2)

Figure 1Thierry Sabine

Figuur 4

2.11 Voeg 'n nuwe bron by wat jy as verwysing kan gebruik om meer oor Thierry Sabine uit te vind deur die volgende inligting in jou bronbestuurder vas te lê: (2)

Web page:	HistoricRacing
Year:	2006
Month:	June
Day:	12
Accessed:	2023
URL:	https://www.historicracing.com/driverDetail.cfm?driverID=2275

Stoor en maak die dokument toe. **[15]**

IEB Copyright © 2023

VRAAG 3

Maak die gids genaamd **V3** oop en werk slegs in hierdie gids.

Maak die dokument **3_1Ranglys** oop en redigeer dit volgens die instruksies hieronder.

3.1 Verstel die bladsyoriëntasie tot landskap. (1)

3.2 Skep 'n nuwe styl genaamd **Rangorde** wat die volgende eienskappe moet insluit: (1)

3.2.1 Font moet vet, kursief en dubbelonderstreep wees. (2)

3.2.2 Fontgrootte moet 23.5 pt wees. (1)

3.3 Pas die **Rangorde**-styl toe op die teks "2022 Rankings" boaan die dokument. Indien jy nie 'n **Rangorde**-styl geskep het nie, gebruik dan **Heading 1** as die styl. (1)

3.4 Pas VIER kolomme toe op die inhoud na die hoofopskrif met 'n lyn tussen elke kolom. Gebruik 'n toepaslike onderbreking om te verseker dat elke opskrif ("BIKE", "QUAD", "CAR" en "TRUCK") outomaties aan die bokant van elke kolom verskyn. Sien Figuur 5 as voorbeeld. (3)

BIKE	QUAD	CAR	TRUCK
Sam Sunderland (GBR)	Alexandre Giroud (FRA)	Nasser Al-Attiyah (QAT)	Dmitry Sotnikov (RAF)
Hobbies	**Hobbies**	**Hobbies**	**Hobbies**
Cycling, free diving.	Footing, quad, moto.	Shooting, horse riding, fishing, motorbikes.	Motorsports.
Sponsors	**Sponsors**	**Sponsors**	**Sponsors**
Red Bull, GasGas, Airoh helmets, Oakley, USWE, Mototransport.	Yamaha, SMX Racing, Dragon Distribution, Padilla Sport,Team Menduni, Midali, Alliance Matériaux, Alpes Mat, ACMS.	Toyota Gazoo Racing, Red Bull, Eurol, Innovation Group, Kinto, Toyota Financial services, Qatar.	KAMAZ, VTB, Rostec, Tatneft, 1C, Red Bull, Palfinger, Total, Goodyear, Tirsan, Varta, ESAB, ATM, Stahlwille, Henkel, GMGen, WABCO, Webasto, Leoni, Omnicomm Autoclima, Cummins.

Figuur 5

3.5 Voeg 'n voetnoot by die opskrif "2022 Rankings" in. Die inhoud vir die voetnoot is die **Bron.txt**-lêer wat in die **V3**-gids geleë is. LET WEL: Die inhoud moet as 'n objekikoon ingevoeg word. Bed die lêer as 'n ikoon in, moenie daarmee skakel nie. (2)

3.6 Aanvaar die voorgestelde veranderinge in die dokument. (1)

Stoor en maak die dokument toe.

Maak die dokument **3_2Beskerm** oop en redigeer dit volgens die instruksies hieronder.

3.7 Voeg 'n bladsyrand van jou keuse by die dokument by. (1)

3.8 Merk die dokument **3_2Beskerm** as *finaal* om enige verdere redigering te ontmoedig. (2)

Stoor en maak die dokument toe.

[15]

VRAAG 4

Maak die gids genaamd **V4** oop en werk slegs in hierdie gids.

Maak die dokument **4Voertuie** oop en redigeer dit volgens die instruksies hieronder.
Bladsy 1

4.1 Formateer die paragraaf wat met "The five competitive …" begin en met "… or purpose-built" eindig soos volg:

4.1.1 Keep die paragraaf 3 cm van die linkerkant af in. (1)

4.1.2 Plaas 'n regterinkeping op 13 cm. (1)

4.1.3 Pas 'n paragraafskadurand met enige kleur van jou keuse op die paragraaf toe. (2)

4.1.4 Pas 24 pt-paragraafspasiëring na hierdie paragraaf toe. (2)

4.2 Voeg 'n inhoudsopgawe onder die titel "Table of Contents: Vehicles" in. (1)

4.2.1 Vertoon slegs die opskrifte wat met die **Heading 2**-styl geformateer is. (1)

Sien Figuur 6 as voorbeeld.

Table of Contents: Vehicles

Motorbikes 2
Quads 2
Cars 3
Trucks 4

Figuur 6

4.3 Voeg outomatiese bladsynommering van jou keuse vir alle bladsye in die voetskrif in. (1)

IEB Copyright © 2023

Bladsy 2

4.4 Voeg 'n boekmerk genaamd "bike" (geen aanhalingstekens nie) voor die teks "Motorbikes" in die eerste ry van die tabel in. (1)

4.5 Tik die teks "Dakar Vehicles" in die kopskrif van die dokument. Dit moenie op bladsy 1 vertoon nie. (1)

4.6 Verdeel die tabel by die ry wat die opskrif "Trucks" bevat. (1)

Bladsy 4

4.7 Skakel die teks wat onder "The best known …" in die Trucks-afdeling begin om in 'n lys met hoofpunte en subpunte. Gebruik die **kolkarakter.png** (in die **V4**-gids geleë) as die hoofkolpunt. Sien Figuur 7 as voorbeeld. Jy hoef nie die versteksimbool vir die subpunte te verander nie. LET WEL: Jy hoef nie die subpunte volgens die voorbeeld in lyn te stel nie. (2)



Figuur 7

Bladsy 5 (2023 Route Map)

LET WEL: Die bladsynommer kan verskil na gelang van jou formatering van die vorige vrae.

4.8 Die bladsy wat die roetekaart bevat, moet in landskaporiëntasie vertoon word. Alle ander bladsye in die dokument moet portret bly. (2)

Bladsy 6

4.9 Plaas vir elke opskrif wat in groen uitgelig is 'n regsinlyngestelde tabelstop op 10 cm met 'n leistippel. Die leistippel moet sigbaar wees. Sien Figuur 8 as voorbeeld. (2)

Dakar 2023 | Prologue | SEA CAMP > SEA CAMP

December 31st 2022 - 15:31 [GMT + 3]

FOCUS.....

Seaside sprints have become a regular fixture in the Dakar of the 21st century since the first ones were held in Castellón, Spain, in 2001 and in France in 2004. The following year, the clock started ticking on the beach of Castelldefels, near Barcelona, and in 2013 the race started on Agua Dulce beach in Lima. This time round, the 45th edition got under way on the Red Sea coast near Yanbu, which hosted a 13 km prologue on a winding sandy track packed for the occasion. As a former enduro rider and a former track racer, respectively, Toby Price and Mattias Ekström had good reason to salivate at the course, which started and ended at the entrance to the Sea Camp.

Figuur 8

4.10 Formateer die paragraaf onder die opskrif "A CRUSHING BLOW" sodat dit nie oor twee bladsye verdeel word nie. (1)

4.11 Spoor die teks "bikers" in die laaste sin van die dokument op. Skakel die teks "bikers" om in 'n hiperskakel wat met die opskrif "Motorbikes" skakel. (1)

Stoor en maak die dokument toe.

[20]

50 punte

IEB Copyright © 2023

AFDELING C SIGBLAAIE

VRAAG 5

Maak die gids genaamd **V5** oop en werk slegs in hierdie gids.

Maak die werkboek **5DTydren** oop en redigeer dit volgens die instruksies hieronder.

Uitslae-werkblad

5.1 Stel die hoogte van **ry 1** op 51 pt. (1)

5.2 Voeg die selle **A1:J1** saam en sentreer. (1)

5.3 Stel **ry 1** en **2** om in posisie te bly sodat ry 1 en 2 vas bly en nie beweeg nie wanneer 'n gebruiker op en af rol. (1)

5.4 Korrigeer die kwessie in **kolom G** wat inhoud verkeerd vertoon. (1)

5.5 Pas die tabelstyl *Light Blue, Table Style Light 16* op die bestek **A2:J167** toe. (1)

Spanne-werkblad

5.6 Sorteer **kolom A** alfabeties van A tot Z. (1)

5.7 Gebruik 'n Excel-eienskap om alle duplikaatitems in **kolom A** te verwyder. (1)

5.8 Bereken in sel **C2** die getal spanne wat gelys word deur 'n toepaslike funksie te gebruik. (1)

Grafiek-werkblad

5.9 Skep 'n 2D sirkelgrafiek deur die data in **B3:C6** te gebruik. Sien Figuur 9 op die volgende bladsy as voorbeeld. (1)

5.10 Gebruik die grafiekfilter om "Quads" in die grafiek te versteek. (1)

5.11 Verseker dat die titel van die grafiek in wit lui "Number of Vehicles per Category". (1)

5.12 Data-etikette vir die afdelings moet buite elke afdeling verskyn. (1)

5.13 Data-etikette moet 'n swart agtergrond met wit teks hê. (1)

5.14 Skei die "Bikes"-afdeling effens van die res van die sirkel. (1)

IEB Copyright © 2023

5.15 Gebruik die beeld **Muurpapier.jpg** wat in die **V5**-gids geleë is as die grafiekagtergrond. (1)



Figuur 9

Stoor en maak die werkboek toe.

[15]

IEB Copyright © 2023

VRAAG 6

Maak die gids genaamd **V6** oop en werk slegs in hierdie gids.

Maak die werkboek **6TydrenRekeninge** oop en redigeer dit volgens die instruksies hieronder.

Rekeninge-werkblad

6.1 Bepaal die volle bedrag betaalbaar vir elke deelnemer in **Kolom G**. Die volle bedrag is dubbel die koste van die inskrywingsgeld in **Kolom F**. (2)

6.2 Skep 'n unieke deelnemeretiketnommer vir elke deelnemer in **Kolom B**. Die etiketnommer bestaan uit die volgende:

6.2.1 Begin met 'n #-simbool, gevolg deur

6.2.2 die deelnemernommer (uit **Kolom A**), gevolg deur

6.2.3 'n ewekansig gegenereerde getal tussen 1 en 500.

Voorbeeld van 'n unieke deelnemeretiketnommer: **#87633** (3)

6.3 Indien 'n deelnemer deelneem om geld vir 'n liefdadigheid in te samel, word dit aangedui deur die letter "y" vir ja of "n" vir nee in **Kolom I**. Bepaal in **Kolom J** 15% van die volle bedrag betaalbaar indien 'n deelnemer 'n liefdadigheid ondersteun. Andersins bly die liefdadigheidskenking op nul. (3)

6.4 Bepaal die bedrag verskuldig vir elke deelnemer in **Kolom K**. Die bedrag verskuldig word bereken deur die bedrag ontvang en skenkings van die volle bedrag betaalbaar af te trek. (2)

6.5 Bereken deur middel van 'n funksie die volle bedrag betaalbaar vir elke voertuigkategorie in selle **N3:N6**. Gebruik absolute selverwysing. (4)

6.6 Gebruik 'n funksie in sel **N8** om te bepaal hoeveel deelnemers nie versekering het nie. (2)

6.7 Bepaal in sel **N9** die getal deelnemers wat 'n liefdadigheid ondersteun. Gebruik 'n funksie om jou antwoord te verkry. (3)

6.8 Gebruik 'n funksie en bereken in sel **N10** die totale bedrag geld wat deur alle motorbestuurders geskenk is. Formateer die sel as geldeenheid met die eurosimbool. (6)

Deelnemers-werkblad

6.9 Elke deelnemer in **Kolom B** het sy/haar landkode voor sy/haar naam. Gebruik toepaslike funksies en vertoon in **Kolom E** van watter land elke deelnemer afkomstig is. 'n Lys van landkodes en volledige landname is in die **Kodes**-werkblad beskikbaar. Die eerste inskrywing word as voorbeeld van die verlangde antwoord voorsien. (5)

Stoor en maak die werkboek toe.

[30]

VRAAG 7

Maak die gids genaamd **V7** oop en werk slegs in hierdie gids.
Maak die makrogeaktiveerde werkboek **7TydrenStats** oop.

Wanneer jy die werkboek oopmaak, kan jy 'n sekuriteitswaarskuwing sien. Klik asseblief die "**Enable Content**"-knoppie.

Vraag 7 bestaan uit **TWEE** opsies. Jy moet *slegs* **EEN** opsie kies om te beantwoord.

- Opsie A vereis die skep van 'n spiltabel.
- Opsie B vereis die skep van 'n makro.

⚠ Kies slegs **EEN** opsie. Indien jy albei opsies beantwoord, sal slegs opsie A nagesien word. Opsie B sal geskrap word.

IEB Copyright © 2023

OPSIE A

A-Spiltabel-werkblad

Skep 'n spiltabel deur die data uit die **Tabeldata**-werkblad te gebruik. Die tabel moet die totale telling van elke land se voertuie (as "klas" gekategoriseer) en spanne per voertuig vertoon. Sien Figuur 10 as voorbeeld. (5)

Voertuigklas per land en Spanontleding

Row Labels	Count of Class
Argentina	12
Bike	6
HT RALLY RAID HUSQVARNA RACING	1
HUSQVARNA FACTORY RACING	1
MAN TEAM	1
RED BULL KTM FACTORY RACING	1
XRAIDS EXPERIENCE	1
XRAIDS EXPERIENCIE TEAM	1
Car	4
BAHRAIN RAID XTREME	1
OVERDRIVE TOYOTA	2
X-RAID MINI JCW TEAM	1
Quad	2
DRAG'ON RALLY TEAM	1
VERZA RALLY TEAM	1
Australia	1
Bike	1
RED BULL KTM FACTORY RACING	1
Austria	2
Bike	2
KLYMCIW RACING	1
RED BULL KTM FACTORY RACING	1
Belgium	6
Bike	3
BAS WORLD KTM RACING	1
RSCONCEPT	1

Figuur 10

Stoor en maak die werkboek toe.

OPSIE B

B-Makro-werkblad

Skep 'n makro genaamd **Sorteer_Uitlig**.

- Ken **CTRL+k** as die sleutelbordkortpad toe om die makro te loop.
- Die makro moet al die data alfabeties van A tot Z volgens *Span* (**Kolom C**) sorteer.
- Die makro moet ook al die selle in **Kolom D** wat die woord "Bike" bevat, uitlig.
- Verbind die makro met die knoppiebeeld wat lui "Sorteer en lig uit" sodat dit loop wanneer jy op die beeld klik. (5)

Stoor en maak die werkboek toe. **[5]**

50 punte

AFDELING D DATABASIS

VRAAG 8

Maak die gids genaamd **V8** oop en werk slegs in hierdie gids. Onthou om elke navraag, vorm en verslag te stoor voordat jy toemaak.

Maak die databasislêer **Tydren2024** oop.

8.1 Voer die CSV-lêer **SpanneInvoer**, in die **V8**-gids geleë, in 'n nuwe tabel genaamd *tbl_Spanne* in. Geen primêre sleutel is nodig nie. (2)

Tabelle

tbl_Deelnemers

8.2 Verstel die veldeienskappe van die volgende velde:

	Veldnaam	**Eienskappe**	
8.2.1	voornaam van	• 50 karakters in lengte.	(1)
8.2.2	e_pos	• Verander die datatipe sodat 'n gebruiker op 'n e-posadres kan klik om die e-postoepassing outomaties oop te maak.	(1)
8.2.3	gebdatum	• Die geboortedatum moet vir elke rekord ingevul word en kan nie oop gelaat word nie.	(1)
8.2.4	land	• Moet sy waardes uit die tabel *tbl_Lande* kry. • Word as 'n kombinasieblokkie aangebied.	(2)
8.2.5	ondervinding	• 'n Nuwe rekord moet 'n verstekwaarde van 1 hê. • Slegs getalle van 1 tot 10 kan in hierdie veld toegevoer word.	(2)
8.2.6	klasVIN	• Geen duplikate vir hierdie veld word toegelaat nie (moet dit *nie* die primêre sleutel maak nie). • Data moet in die volgende formaat toegevoer word: ○ 10 karakters en/of syfers. ○ Alles hoofletters. ○ Geen spasies word toegelaat nie.	(4)

IEB Copyright © 2023

Vorms

8.3 Skep 'n vorm genaamd *frm_Deelnemers*. Dit moet alle velde uit *tbl_Deelnemers* behalwe id bevat. (2)

8.4 Redigeer die vorm *frm_Datavaslegging* soos volg:

8.4.1 Redigeer die teks in die kopskrif om "Deelnemerinligting" te lui. (1)

8.4.2 Verander die kleur van die kopskrifafdeling na enige ander kleur. (1)

8.4.3 Voeg 'n knoppie in die vormkopskrif in wat een rekord op 'n keer vorentoe navigeer. (2)

Verslae

8.5 Skep 'n verslag genaamd *rpt_LandeVolgensKlas* deur *tbl_Deelnemers* te gebruik. (1)

8.5.1 Gebruik die velde klas, land, voornaam en van. (1)

8.5.2 Groepeer die data volgens klas. (1)

8.5.3 Formateer die besonderhedeafdeling met afwisselende rykleure (nie verstek grys nie). (1)

8.6 Maak die verslag genaamd *rpt_DeelnemersPerLand* oop en redigeer dit.

8.6.1 Voeg 'n voetskrifafdeling vir die land-veld by. (1)

8.6.2 Bereken en vertoon die getal deelnemers per land in die land-voetskrif. (2)

8.6.3 Bereken en vertoon die gemiddelde ondervinding-syfer per land in die land-voetskrif. (2)

8.6.4 Vertoon die hoogste ondervindingaanslag vir alle rekords in die verslagvoetskrif. (1)

Navrae

8.7 Skep 'n navraag genaamd *qry1_Lande* uit *tbl_Deelnemers*. (1)

8.7.1 Vertoon van, voornaam, land en e_pos. (1)

8.7.2 Sorteer die navraag, stygend, volgens land. (1)

8.8 Skep 'n navraag genaamd *qry2_Verjaardae* uit *tbl_Deelnemers*.

8.8.1 Vertoon voornaam, van en gebdatum. (1)

8.8.2 Formateer die geboortedatums om as langdatumformaat te vertoon. (1)

Voorbeeld: Tuesday, 05 December 1998

8.9 Maak die navraag *qry3_TienOfMotorfiets* oop.

Vertoon alle deelnemers wat 'n ondervinding-aanslag van 10 het of wat in die motorfiets- ("bike"-) klas ingeskryf het. (2)

8.10 Maak die navraag *qry4_Gesamentlik* oop.

Redigeer die navraag sodat die totale ondervinding-aanslae per land bymekaargetel word en per land vertoon word. Sien Figuur 11 hieronder as voorbeeld van 'n uittreksel uit die verlangde afvoer. (2)

qry4_Gesamentlik

land	SomVanOndervinding
Faroe Islands (Denmark)	25
Norfolk Island (Australia)	23
Nepal	21
Kosovo	21
Bangladesh	21
Estonia	20
New Zealand	20

Figuur 11

8.11 Maak die navraag *qry5_Ondervinding* oop.

Redigeer die kriteria om alle deelnemers van enige land wat die woord "south" bevat en ook 'n ondervindingaanslag van 5 en meer het, te vertoon. (2)

Stoor en maak die databasis toe.

40 punte

IEB Copyright © 2023

AFDELING E HTML

VRAAG 9

Maak die gids genaamd **V9** oop en werk slegs in hierdie gids.

Maak die webblad **indeks** oop deur jou gekose teksredigeerder te gebruik.

9.1 Gee die dokument 'n titel: *The Dakar Rally*. (2)

9.2 Stel die tekskleur van die hele webblad op *White*. (1)

9.3 Stel die randkenmerk van die eerste tabel (wat as 'n raamwerk gebruik word) op 4 px. (2)

9.4 Formateer die teks *Dakar 2024* (wat in die hoofopskrifry geleë is) met 'n *Heading 1*-merker en sentreer die opskrif. (2)

9.5 Voeg die **Dakar_Tydren**-beeld op die aangewese plek (met 'n kommentaar aangedui) in die eerste inhoudry in. (1)

9.6 Verstel die breedte van die **InskryfKnoppie**-beeld tot **150 px**. (1)

9.7 Skakel die **InskryfKnoppie**-beeld in 'n hiperskakel om wat met die **inskryf.html**-lêer skakel. (2)

9.8 Verander die fontgrootte van die paragraaf wat met "*The 2024 Dakar Rally is a rally …*" begin en met "*… World Rally-Raid Championship*." eindig na **4**. (2)

9.9 Stel die font van die paragraafteks van Vraag 9.8 op **Arial**. (2)

9.10 Korrigeer die kollys sodat lysitems korrek as kolpunte vertoon. (2)

9.11 Redigeer die toepaslike merker en voeg die korrekte kenmerk by sodat die voetskrifry oor drie kolomme strek. (2)

9.12 Redigeer die teks aan die einde van die bladsy deur jou eksamennommer toe te voeg. (1)

20 punte

Totaal: 180 punte

IEB Copyright © 2023